higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

(4101053)

7 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

028Q1N2407

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste vraestel)
NKR VLAK 3
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Visuele tekste
   AFDELING D: Funksionele taalgebruik
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël tussen antwoorde oop.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur rofwerk wat nie nagesien moet word nie. Indien jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: INTERNET-ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.



KALAHARI EN DIAMANTVELDE

Die Kalahari en Diamentveld-streek van die Noord-Kaap grens aan Namibië, Botswana, die Vrystaat en die Noord-Wes provinsie. Die naam “Kalahari” is van die San-woord wat “die plek sonder water” beteken, afgelei. Sommige dele van die Kalahariwoestyn gaan vir jare sonder water en is plat, toekomslose vlaktes. Maar, daar is gewoonlik water onder die grondoppervlak en die plat vlaktes word hier en daar deur bergreekse soos die Lange- en Korana-bergreeks onderbreek. Die Kalahari is aan die Noord-oostelike punt van die Noord-wes provinsie en is 'n ongebonde gebied van uitgestrekte rooi sand. Die dagtemperature is uiters warm en die nagte kan bibberkoud word.

In 1866 het 'n jong seun, Erasmus Jacobs, 'n wit klippie op die oewer van die Oranjerivier naby die aansluiting met die Vaalrivier opgetel. Hierdie ontdekking het tot die groot Suid-Afrikaanse diamantstormloop gelei. Hierdie diamant is later die “Eureka!” genoem. Kort daarna is nog 'n groot diamant van 83 karaat deur 'n Griekwa skaapwagter wat by Schalk Van Niekerk gewerk het, opgetel. Hierdie diamant het bekend geword as “Die Ster van Afrika”. Daar is nog steeds delwers wat in die Vaal- en Oranjerivier na diamante soek, maar hul het maar min sukses.

Net buite Kimberley, in die diamantveldstreek van die Noord-Kaap, het twee De Beer-broers 'n kleim op 'n plaas gehad wat hulle vir £50 gekoop het. Teen 1872 was daar meer as 50 duisend prospekteerders in die klein krotdorpie wat later Kimberley geword het, saamgebondel. Die meeste van die myners van daardie dae moes maar in tente of pondokke van hout en sinkplate, of soortgelyke saamgeflanste plekke, bly. Voorbeelde daarvan kan vandag nog buite die groot stede gesien word. Hierdie plekkies het later so ontwikkel dat dit vandag bekend is as "Die groot gat" en "Die De Beers-myngroep". Vandag is Kimberley 'n moderne stad, asook die diamanthoofstad van die wêreld. Die stad is vol interessante, historiese huise en museums. Besoekers moet gerus “Die groot gat” en Kimberley se mynmuseum besoek waar daar 'n replika van die dorp is soos wat dit gedurende die diamantstormloop gelyk het.

Kopiereg voorbehou

Verskeie belangrike veldslae het tydens die Anglo-Boereoorlog in die Kimberley-omgewing plaasgevind en die dorp is deur Boeremagte beleër. Loopgrawe kan nog steeds in die omgewing gesien word. Kimberley se museums het uniforms, wapentuig en ander toerusting wat tydens die oorlog gebruik is.

Die dorp, Upington, is 'n pragtige groen oase aan die oewers van die Oranjerivier. Die dorp is ideaal geleë as 'n rusplek vir reisigers wat vanaf Johannesburg of Kaapstad op na Namibië reis. Die Visriviervallei, net anderkant die Namibiese grens, is 'n baie gewilde bestemming vir avontuurlustige stappers. Verder noord, langs die Botswana-grens, is die groot woestynwildernis van die Kgalagadi Oorgrenspark. Hierdie streke kan gedurende die somermaande geweldig warm word en daarom word besoekers aanbeveel om liewer gedurende die wintermaande, wanneer die dagtemperature koeler is, hierheen te reis.

Die Augrabies-Nasionale Park is sowat 80 km wes van Upington in die Kalaharistreek van die Noord-Kaap geleë. Die waterval word onder die wêreld se grootste watervalle gereken. Tydens ongewone vloede word hierdie waterval selfs groter as die magtige Victoriawaterval en word deur baie geoloë as die wêreld se interessantste voorbeeld van water-geërodeerde graniet gereken. Die dorp, Kakamas, is slegs 'n paar kilometer van die waterval, wat 'n gewilde rusplek vir besoekers is, geleë. Hierdie dorp het 'n wydverspreide besproeïngskema en spog selfs met elf werkende waterwiele. Kakamas het 'n groot boerdery-gebied en produseer druiwe en perskes van uitvoergehalte.

[Bron: Verwerk uit: *https://www.blyplekke.co.za/region/kalahari-and-diamond-fields*]

1.1 Hierdie artikel verwys na ’n spesifieke streek in Suid-Afrika.

In watter provinsie is hierdie streek geleë? (1)

1.2 Noem die TWEE lande wat ook aan die Kalahari en die Diamantveld streek grens. (2)

1.3 Van watter taal is die naam “Kalahari” afkomstig en wat beteken dit? (2)

1.4 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:
“Die Kalahari is ’n droë streek.”
Haal ’n woord uit die teks aan om jou antwoord te staaf. (2)

1.5 Noem die twee bergreekse wat in die Kalahari voorkom. (2)

1.6 Die Kalahari en omgewing word gekenmerk deur ’n spesifieke kleur.

Noem hierdie primêre kleur. (1)

1.7 Haal ’n sin uit die teks aan om die volgende stelling te bevestig:
“Die temperatuur van die Kalahari is uiteenlopend.” (1)

1.8 Wanneer het die Suid-Afrikaanse diamantstormloop begin? (1)

1.9 In watter tipe huise het die myners in daardie tyd gebly? Noem TWEE voorbeelde. (2)

Kopiereg voorbehou

1.10 Presies waar het Erasmus Jacobs 'n "wit klippie" opgetel? Watter edelsteen was die klippie eintlik? (2)

1.11 Watter is hierdie wit klippie uiteindelik genoem? (1)

1.12 'n Werker van Schalk van Niekerk het nog 'n klip opgetel. Van watter inheemse bevolkingsgroep was hierdie persoon afkomstig en wat is daardie diamant genoem? (2)

1.13 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur 'n sin uit die teks aan te haal om jou antwoord te staaf:
"Die soektog na diamante by die Vaal- en Oranjerivier is in die 1900's gestaak." (2)

1.14 Hoeveel het die De Beer-broers vir hul plaas buite Kimberley? Skryf die bedrag en geldeenheid in woorde neer. (2)

1.15 Hoe is die dorp, Kimberley, in 1872 beskryf? (1)

1.16 Hoe word Kimberley deesdae gesien en beskryf? (2)

1.17 Waar in Kimberley kan jy 'n replika van die destydse myndorp besigtig? (2)

1.18 In watter dorp in die Noord-Kaap tref ons 'n wydverspreide besproeiingskema aan? (1)

1.19 In watter windrigting vanaf Upington is die Augrabies Nasionale Park geleë? (1)

1.20 Watter woord dui daarop dat Kakamas se druiwe en perskes in ander lande bemark en verkoop kan word? (1)

1.21 Watter mag het Kimberley tydens die Anglo-Boereoorlog omsingel? (1)

1.22 Watter bewyse van die Anglo-Boereoorlog kan steeds in Kimberley gesien word? Noem TWEE. (2)

1.23 Upington word in hierdie artikel 'n "groen oase" genoem. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n oase is. (2)

1.24 Waarom word besoekers aangeraai om die Kgalagadi Oorgrenspark eerder in die wintermaande te besoek? (1)

1.25 Watter plek in hierdie streek sal 'n goeie besoekpunt vir avonturiers wees? (1)

1.26 In die laaste paragraaf word daar na "ongewone vloede" verwys. Wat dink jy beteken dit as 'n vloed as "ongewoon" beskryf word.? (2)

[40]

TOTAAL AFDELING A 40

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

INSTRUKSIES

Jy is bekommerd oor die droogte in die Kalahari en besluit om na te lees oor hoe om ’n dam te bou. Jy het die onderstaande artikel raakgeloop en wil ’n opsomming maak oor hoe om ’n dam te bou. Lees die uittreksel, “Bou ’n dam vir ’n leeftyd” deur volg die instruksies hier onder.

- Skryf SEWE wenke neer hoe om ’n dam te bou.
- Skryf elke wenk as ’n hoofgedagte in 'n goeie VOLSIN neer.
- Skryf die sinne puntsgewys ONDER MEKAAR en nommer die sinne van 1 tot 7.
- Laat 'n REËL OOP tussen elke sin oop.
- Die opsomming moet tussen 70 en 80 woorde wees.
- Dui die AANTAL WOORDE wat jy gebruik het aan die einde van die opsomming aan.

BOU ’N DAM VIR ’N LEEFTYD

Dink vooraf mooi oor die vorm en grootte van die dam. Dit is goedkoper om ’n dieper dam met ’n kleiner oppervlak te bou as ’n vlak dam met ’n groot oppervlak.

Besluit mooi waar jy die dam moet plaas. Naby die boorgat wat die dam moet voed is ’n goeie oorweging.

Vermy dit so ver as moontlik om op kleigrond te bou, want kleigrond beweeg en sal die dam waarskynlik een of ander tyd laat kraak.

Skep ’n stewige basis vir die dam om op te staan. Verwyder die bogrond en sagte materiaal op die plek waar jy die dam wil bou. Grawe sagte dele uit en vul dit op met stewige materiaal soos bourommel en gebreekte klip.

Die dam se fondasie moet oral ewe stewig wees. Een swak plek sal die hele dam laat lek.

Meet die fondasie vir die damwal akkuraat uit en grawe dit minstens 225 mm diep. Dit kan eerder dieper wees om stewigheid te verseker.

Nadat die fondasie gegooi is, moet dit behoorlik droog word voordat die bouwerk begin. Dit moet minstens ’n week staan voordat die dam se muur gebou word.

Bou die dam se muur tot bo die grondvlak voordat die vloer gegooi word. Maak die grond goed nat en stamp dit behoorlik vas voordat die vloer gegooi word.

[Bron: Verwerk uit: *https://proagri.co.za/aquadam-bou-n-dam-vir-n-leeftyd/*] **[10]**

TOTAAL AFDELING B 10

AFDELING C: VISUELE TEKSTE

VRAAG 3: STROKIESPRENT

Bestudeer die volgende strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop volg:



[Bron: www.*https://images.app.goo.gl/idHh8FNjAVs5mo2U7]*

3.1 Wat is die verwantskap tussen die vrou en die jongman? (1)

3.2 Wat noem die vrou die jongman? (1)

3.3 Watter soort tee het die jongman al gedrink? (1)

3.4 Watter soort musiek het hy al geluister? (1)

3.5 Hoekom is “ALS” en “NIKS” donkerder gedruk? (1)

3.6 Wat is die doel van die vraagteken in die vrou se spraakborrel? (1)

3.7 Tydens watter tyd van die dag speel die toneel af. Gee ’n rede vir jou antwoord. (2)

3.8 Wat het die vrou in haar hand en wat dink jy wou sy in die jongman se kamer kom doen het? (2)

[10]

VRAAG 4: ADVERTENSIE

Bestudeer die volgende advertensie oor die Kosmos Gastehuis in Kimberley en beantwoord die vrae wat daarop volg:

KOSMOS GASTEHUIS
BED & ONTBYT AKKOMMODASIE IN KIMBERLEY



Of jy in Kimberley is vir besigheid en of jy via Kimberley op reis is na verdere bestemmings, KOSMOS Gastehuis is jou antwoord op netjiese, skoon en veilige verblyf met gewaarborgde Noord-Kaapse gasvryheid.

KOSMOS Gastehuis is geleë in Hadison Park, 'n rustige woonbuurt naby die North Cape Mall, Gariep MediClinic, Kimberley Rugbystadion en Lenmed Hospitaal. Kimberley se historiese 'Groot Gat' is slegs vyf minute per motor daarvandaan.

KOSMOS Gastehuis bied tien stylvolle kamers met en-suite badkamers. Die kamers is apart van die hoofwoning met 'n privaat ingang en is ten volle toegerus met yskas, mikrogolfoond, DSTV, lugversorging, koffie en tee asook elektriese komberse in die winter. 'n Volledige Engelse ontbyt word gedurende die week bedien.

Die gastehuis word afgerond met 'n pragtige tuin, twee swembaddens, braaigeriewe en veilige parkering.

- Wasmasjien op die terrein
- Tee / koffie fasiliteite
- Parkering op die terrein
- Buite swembad
- Geen rook in die huis nie

- Films / teater (minder as 5 km)
- Mediese geriewe (minder as 5 km)
- Kluis
- Wasgeriewe (minder as 2 km)
- Internet fasiliteite
- Jag (minder as 30 km)
- Oefen fasiliteite (minder as 5 km)
- Gemeenskaplike swembad
- Motorhuur (minder as 20 km)
- Braai fasiliteite
- Grootwild (minder as 30 km)
- Lughawe (minder as 15 km)
- Lugversorger (sommige eenhede)

Maak Google Map oop

*[*Bron*: https://www.blyplekke.co.za/region/kalahari-and-diamond-fields]*

4.1 Wat waarborg die Kosmos Gastehuis vir al sy gaste? (1)

4.2 In watter rustige woonbuurt is die Kosmos Gastehuis geleë? (1)

4.3 In die advertensie word na “en-suite badkamers” verwys.

Verduidelik wat hiermee bedoel word. (2)

4.4 Watter tipe ontbyt word by die Kosmos Gastehuis bedien? (1)

4.5 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur TWEE opeenvolgende woorde uit die advertensie aan te haal om jou antwoord te staaf. (2)
Nie alle eenhede het lugversorging nie.

4.6 Hoeveel kamers het die Kosmos Gastehuis? (1)

4.7 Wat gaan op die webtuiste wys as jy op die “Maak Google Map oop” funksie met jou muis kliek? (1)

4.8 Noem die TWEE hospitale wat naby aan die Kosmos Gastehuis geleë is? (2)

4.9 Daar is ’n bekende winkelsentrum in die omgewing van die Kosmos Gastehuis.

Wat word hierdie winkelsentrum genoem? (1)

Kopiereg voorbehou

4.10 Dui aan of die volgende stellings oor die Kosmos Gastehuis WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.10.1–4.10.8) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

4.10.1 Daar is meer as 1 swembad op die Kosmos Gastehuis se terrein. (1)

4.10.2 Om by jou eenheid uit te kom, moet jy deur die hoofwoning loop. (1)

4.10.3 'n Mens kan ongelukkig nie by die Kosmos Gastehuis braai nie. (1)

4.10.4 'n Mens kan jou kosbaarhede en kontant baie veilig in jou eie kamer bewaar en toesluit. (1)

4.10.5 Tydens jou verbly by die Kosmos Gastehuis gaan jy die hele tyd oor jou voertuig se veiligheid bekommerd wees. (1)

4.10.6 Jy kan nie per vliegtuig na Kimberley reis nie. (1)

4.10.7 Jagters sal ook graag in die Kosmos Gastehuis wil oornag. (1)

4.10.8 Sokkerliefhebbers sal graag in die Kosmos Gastehuis wil slaap wanneer daar 'n sokkerwedstryd in Kimberley plaasvind. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 5: REDIGERING

Die Toerismeraad van Kimberley vra jou om 'n teks wat oor die bekende aktivis, Solly Plaatje, geskryf is, te redigeer. Skryf die volgende paragraaf volledig in jou antwoordboek oor en redigeer die VYF taal- en/of spelfoute wat daarin voorkom.

Toe die unie van Suid-Afrika in 1910 gestig is wou swart aktieviste dieselfde soort stemreg in die anner provinsies hê maar hulle pogings was onsuksesvol. Die Grondwet moes uintlik hul regte beskerm het.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 6: ARTIKEL

Voltooi die sinne in KOLOM A hieronder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.31) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A	KOLOM B	
Solomon (Sol) Tshekisho Plaatje was ’n taalkundige, (6.1…), (6.2 politikus), en (6.3 skrywer) wat (6.4 diep spore getrap) het in die taalwêreld, die joernalistiek, en in Afrika-aangeleenthede.	6.1 Wat noem ’n mens iemand wat vir ’n koerant skryf?	(1)
	6.2 Gee die meervoud.	(1)
	6.3 Gee die vroulike vorm.	(1)
	6.4 Is dit letterlik of figuurlik?	(1)
Sy (6.5 belangrik) nalatenskap was dat hy ’n stigterslid was van die South African Native National Congress. Sol Plaatje is op 9 (6.6 Oktober) 1876 in Boshof se distrik in die Vrystaat gebore. Sy (6.7 ouma) se naam was Selogilwe Mogodi, maar sy werkgewer het hom Plaatje genoem. Toe Sol Plaatje vier was, het sy ouers op ’n (6.8 sendingstasie) van die Lutherse Berlynse Sendinggenootskap op Pniel gewoon. (6.9 Sy ouers het vir die Duitse sendeling op die sendingstasie en sy vrou gewerk.) So het die (6.10 jong) Sol Plaatje ’n sendingopleiding ontvang. Hy was ’n (6.11 skrander) leerder, en hy het die ander leerders gou uitgestof. (6.12 Mevrou) Westphal het hom privaat onderrig. By haar het hy onder andere klavier en (6.13 viool) leer speel. Hy het ook met die sendelinge se hulp gaan (6.14 studeer).	6.5 Gee die oortreffende trap.	(1)
	6.6 Gee die korrekte afkorting.	(1)
	6.7 Gee die manlike vorm.	(1)
	6.8 Gee die verkleinwoord.	(1)
	6.9 Skryf die sin in die ontkennende vorm oor.	(2)
	6.10 Gee ’n antoniem.	(1)
	6.11 Gee ’n sinoniem.	(1)
	6.12 Gee die korrekte afkorting.	(1)
	6.13 Gee die meervoudsvorm.	(1)
	6.14 Gee die persoonsnaam van die woord.	(1)
In 1894 het hy Kimberley toe getrek. Daar het hy ’n (6.15 telegrafis/telegravis) vir die Poskantoor geword. (6.16 Hy het sy private studies voortgesit.) In die klerkseksamen het hy ’n prestasie behaal (6.17): die hoogste punte.	6.15 Kies die korrekte spelling.	(1)
	6.16 Skryf sin in lydende vorm.	(2)
	6.17 Wat is die doel van die dubbelpunt (:)?	(1)
Op die vooraand van die (6.18 Vryheid + oorlog) is hy as (6.19 tolk) na Mafeking gestuur.	6.18 Maak ’n samestelling.	(1)
	6.19 Sê in jou eie woorde wat ’n tolk doen?	(1)
(6.20 Die kurator sê: “Benewens sy moedertaal, Tswana, kon hy ten minste agt ander tale praat.”)	6.20 Skryf die sin in die indirekte rede oor.	(2)

Kopiereg voorbehou

Sy toekoms het (6.21 swart) gelyk. Hy sou nie in die staatsdiens (6.22 bevorder) kry nie. Met sy natuurlike (6.23 affiniteit) vir woorde, het Plaatje hom tot (6.24 joernalistiek) gewend.	6.21	Gee die oordrywende (intensiewe) vorm.	(1)
	6.22	Gee die korrekte vorm van die werkwoord.	(1)
	6.23	Gee 'n sinoniem.	(1)
	6.24	Breek die woord in lettergrepe op.	(1)
In 1901 het hy met (6.25 finansiele) steun van Silas Molema, die eerste Tswana-Engelse koerant, die (6.26 *Koranta ea Becoana)*, gestig.	6.25	Gee die korrekte spelling.	\ (2)
	6.26	Waarom is hierdie woorde kursief gedruk?	
Plaatje was 'n (6.27 produktief) skrywer en het baie artikels vir ander koerante geskryf. Die Kaapkolonie het stemreg (6.28 …) alle mans van 21 of ouer gehad. "Gekwalifiseerde stemreg" beteken dat mense stemreg gekry het as hulle aan sekere (6.29 vereistes) voldoen het. Dit het die mense baie (6.30 vriendelik) gemaak.	6.27	Gee korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord.	(1)
	6.28	Voeg die korrekte voorsetsel in.	(1)
	6.29	Gee 'n sinoniem.	(1)
	6.30	Gee die antoniem.	(1)
Mense is nie (6.31 op grond van) ras verhoed om te stem nie.	6.31	Skryf die afkorting.	(1)

[Bron: Verwerk uit: *https://www.weet.co.za/solplaatje/*] **[35]**

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 7: VERGADERINGS

Kies EEN woord uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die woord langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

algemene; voorsitter; private; lede; grondwet; sekretaris; mosie; formeel; kworum; openbare; notule; spesiale;

7.1 Daar vind daagliks honderde vergaderings plaas. 'n Vergadering kan (7.1.1 ...) of informeel wees. Die leier van 'n vergadering word 'n (7.1.2 ...) genoem. 'n (7.1.3 ...) vergadering word slegs deur lede van daardie organisasie bygewoon. 'n Politieke byeenkoms word as 'n (7.1.4 ...) vergadering beskou. By 'n (7.1.5 ...) Jaarvergadering word 'n organisasie se bestuurskomitee verkies. As daar 'n krisis opduik wat dadelik bespreek moet word, sal die (7.1.6...) 'n kennisgewing vir 'n (7.1.7 ...) vergadering uitstuur. Die voorsitter moet aan die begin van 'n vergadering seker maak dat 'n (7.1.8 ...) teenwoordig is. Daarna word die vorige vergadering se (7.1.9 ...) voorgelees. Al hierdie reëls word in 'n organisasie se (7.1.10 ...) beskryf.

(10 × 1) (10)

7.2 'n Sekretaris is 'n hardwerkende persoon op 'n komitee.

Gee VYF pligte wat 'n sekretaris moet uitvoer om die sukses van die vergadering te verseker. (5)

7.3 'n Voorsitter is die belangrikste persoon en neem die leiding in vergaderings. Dit beteken nie noodwendig dat die voorsitter baie gewild hoef te wees nie, maar hy moet oor VIER belangrike kenmerke beskik.

Noem hierdie VIER kenmerke. (4)

7.4 Vir watter aspek van 'n organisasie of vergadering is die tesourier uitsluitlik verantwoordelik? (1)

[20]

VRAAG 8: TOESPRAKE, AANBIEDINGE EN ONDERHOUDE

8.1 Onthou dat die kandidaat tydens 'n onderhoud die hele tyd deur die onderhoudvoerder dopgehou word.

Gee vir die kandidaat VIER wenke oor sy/haar optrede tydens 'n onderhoud. (4)

8.2 Noem enige EEN tipe onderhoud wat in 'n organisasie kan plaasvind. (1)

8.3 Kies die tipe vraag uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (8.3.1–8.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B
8.3.1	Waarom stel jy in gemeenskapswerk belang?	A hipotetiese vraag
8.3.2	By watter gemeenskapsorganisasie het jy voorheen gewerk?	B direkte vraag C geslote vraag
8.3.3	As jy die subsidies vir gemeenskapswerk kan verander, watter voorstelle sal jy maak oor hoe dit moet werk?	D spesifieke vraag E indirekte vraag
8.3.4	Ek dink alle studente moet verplig word om gemeenskapswerk te doen. Dink jy nie ook so nie?	F retoriese vraag G ope vraag
8.3.5	Moet gemeenskapswerk deur die staat gedoen word?	H leidende vraag

(5 × 1) (5)

[10]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou